# Nuwe werke deel van simfoniereeks

Kaapstad. – Nuwe werke van Suid-Afrikaanse komponiste is deel van die komende winterkonsertreeks van die Kaapstadse Filharmonies Orkes (KFO).

Die KFO, die Suid-Afrikaanse Musiekregte-Organisasie (Samro) en ConcertsSA het 'n vennootskap aangegaan waardeur jong Suid-Afrikaanse komponiste se werk deur 'n professionele orkes en 'n bekende dirigent uitgevoer word.

Kort werke gaan twee van die drie konserte inlei.

Op 16 Junie sal die Kaapstadse komponis Shaun Crawford se *Ouverture* uitgevoer word. Dit is 'n komposisie waarin hy met rolprentmusiek werk. Christo Jankowitz se *Revelation* sal op 23 Junie uitgevoer word en word as 'n toonstuk vir die orkes beskryf.

Verskeie simfonieorkeste het al komposisies van Crawford uitgevoer. Hy het jazzklavier onder Darius Brubeck aan die Universiteit van KwaZulu-Natal gestudeer en 'n meestersgraad in komposisie onder Hendrik Hofmeyr aan Ikeys voltooi.

**Shaun Crawford**

**Christo Jankowitz**

Hy is ook gekies vir die somerskool van die Universiteit van New York vir rolprentmusiek. Van sy rolprentmusiek is uitgevoer deur die New Yorkse Filharmoniese Orkes en die orkes van die Metropolitan Opera.

Die Amerikaanse vereniging van komponiste, skrywers en uitgewers (Ascap) het hom toe gekies as een van ses komponiste wie se vordering dopgehou moet word.

Crawford is betrokke by die skep van 'n rolprentmusiekdiens in Kaapstad en was betrokke by projekte vir die skryf van rolprentmusiek vir plaaslike animasiewerk tot die orkestrasie en opname van die musiek van die Frans vervaardigde rolprent *Accident* vanjaar.

Hy het *Ouverture* geskryf vir die opening van 'n jeugconcertofees verlede jaar.

Jankowitz het komposisie onder Jeanne Zaidel-Rudolph aan die Universiteit van die Witwatersrand gestudeer. Hy het in sy studies verskeie pryse gewen en opdragwerke geskep.

Hy doen tans postdoktorale navorsing onder leiding van Hofmeyr aan Ikeys.

*Relevation* is 'n kort werk wat Jankowitz as toonstuk vir die simfonieorkes geskryf het.

Louis Heyneman, hoof van die orkes, sê die vennootskap bied voordele op lang termyn en hulle sien uit na verdere werke in konsertreekse.

Die eerste konsert is op 16 Junie in die Kaapstadse stadsaal.

In die eerste uitvoering sal die dirigent Bernhard Gueller wees en op 23 en 30 Junie Martin Panteleev.

In die eerste konsert sal die tjellis Peter Martens die solis in Dvorák se Tjellokonsert wees. In die uitvoering op 23 Junie is Maciej Grzybowski die solis in Schumann se Klavierconcerto, en op 30 Junie speel Rachel Lee Priday die eerste Vioolconcerto van Prokofiëf. Die hoofwerke in die onderskeie uitvoerings is Tsjaikowski se Vyfde Simfonie, Saint-Saëns se Orrelsimfonie met Erik Dippenaar en die Simfoniese Danse van Rachmaninoff.

■ **Bespreek by Computicket of Kunstekaap se Bel-'n-Sitplek by 021 241 7695.**